Einde 1993.

# Pietersburg-distrikboere-unie

Die eerste distriksboere-unie in Pietersburg is gestig in 1920. Hierdie inisiatief het gekom van 'n paar boere wat 'n landbouskou op Pietersburg bygewoon het. Hierdie persone, nl. mnre. Tim Kleineberg, J. Ziervogel, A. Bicheno en andere, het die noodsaaklikheid van georganiseerde landbou op genoemde skou in 1919 bespreek.

Daar is toe besluit om onmiddellik aan die werk te spring en 'n boere-unie te Pietersburg te stig. So het dit gekom dat die eerste unie vroeg in 1920 gestig is.

Dit wil nie sê dat daar geen boere-organisasies voor die tyd bestaan het nie. Reeds in 1909 was die Molietzieland Boerevereniging gestig. Haenertsburg bv. in 1910, Munnik en Rhenosterpoort in 1917, Kalkbank-Lonsdale in 1918, Marabastad en andere in 1919. Hierdie verenigings het gou bekendheid verwerf deur die wonderlike ideale wat hulle in vooruitsig gehad het vir die boere. Hierdie boereverenigings was toe geaffilieer met die Transvaalse Landbou-unie en in 1919 het die eer Pietersburg te beurt geval, die distrik waarin mnr. J. Ziervogel woonagtig was, om op 'n uitnodiging van Sir Owen Phillips, 'n oorsese besoek te onderneem i.s. landbou-aangeleenthede.

Die ou notuleboeke van Molietzieland Boerevereniging waarvan mnr. J. Ziervogel destyds voorsitter was, het 'n besluit gedateer 25 April 1919, wat as volg lees: „Om die arbeidsprobleem te verlig word daar voorgestel en eenparig aangeneem dat die hoofbelasting van plaasarbeiders verlaag moet word."

In dieselfde tyd is vertoë tot die owerheid gerig om Indiërimmigrasie te belet en Asiate te repatrieer en te vergoed.

Op 18 Julie 1919 is reeds 12 verskillende boereverenigings in die distrik Pietersburg se konstitusies vergelyk met mekaar om eenvormigheid te verkry.

Op 16 September 1919 is 'n mosie van rou staande aangeneem met die afsterwe van genl. Louis Botha.

In 1917 het 'n voorstel van E. Sheffield, Munnik B.V., gekom om onmiddellik met die Transvaalse Landbou-unie te affilieer.

Col. H. Mentz was gekies as die eerste Ere-president van die Pietersburgse Boere-unie.

Vanaf 1940 tot 1942 het die Pietersburg-boere-unie nie bestaan nie. In 1943 is die leemte van georganiseerde landbou in hierdie distrik weer ondervind. Weer was daar persone wat dit hulle plig gevoel het om die boer ge organiseerd te kry. Ons dink bv. aan die onselfsugtige mnr. F. Marx en die ywerige mnr. Steenekamp, destyds onderwyser van Dendron, wat die inisiatief geneem het om weer die Pietersburg-boere-unie te herstig en te organiseer. Die boere van Pietersburg is baie dank aan hierdie persone, asook aan hulle voorgangers verskuldig.

In 1943 is die unie herstig deur mnre. Steenekamp en Marx, wat ook gekies is tot voorsitter. Die sekretaris destyds was mnr. Elie van Rensburg, wat ook uitstekende dienste vir die boere gelewer het.

Weer is 'n nuwe konstitusie opgetrek en die unie vir die tweede keer herorganiseer. Kort na hierdie re-organisasie het mnr. Marx bedank weens swak gesondheid. Sy opvolger was mnr. J. Wright, wat van die begin af hom beywer het om die boere van Pietersburg grond- en waterbewaring bewus te maak. Mnr. Wright was alombekend as 'n vegter vir boerebelange en hierdie eienskap het hom ook menigmaal by die departemente in warmwater beland. Die sekretaris, mnr. Charl White, was alombekend vir sy minlikheid en onbaatsugtige opofferings wat hy gedoen het vir boere van hierdie distrik.

Na mnr. Wright het mnr. A. Z. McComb die voorsitterstoel beklee en vir twee agtereenvolgende jare weer in die bresse getree vir die boere van hierdie distrik. Mnr. McComb het op sy stil en bedaarde manier meer vir die distrik gedoen as wat baie van die boere besef het.

hy 'n verskalf gekry en by skoolverlating was sy kudde 47 sterk en tans 57 met 17 skape. Uit sy huwelik met mej. Susara Woest van Magaliesberg, is een seun en ses dogters gebore. Adres : Netrecht, Pk. Munnik.

**BOUWER, Jeremia Isaia.** Bestuurslid van Sandrivier - Boerevereniging, lid van Noord-Transvaalse-Koöperasie en algemene boer op plaas Soetfontein. Gebore op 26 Okt. 1909 te Parys, ontvang hy skoolopleiding aldaar. In 1925 moes hy as jong seun die skool verlaat ten einde vader met boerdery te help. In 1934 het hy sy tabak-, mielie- en kafferkoringoeste verloor deur hael. In 1935 het hy al sy varke verloor aan varkpes en ook 25 groot koeie wat aan hartwater en galsiekte gevrek het.. Dieselfde jaar het hy in die huwelik getree met mej. D. Herselman van Uniondale, K.P. In 1937 kon hy deur bemiddeling van Landraad die huidige plaas 663 morge groot aankoop. Behalwe 20 morge land was dit onverbeterd. In 1945 het hy weer omtrent helfte van sy vee verloor weens droogte. Dieselfde jaar het sy eggenote siek geword en het vir drie jaar van een geneesheer na die ander gegaan tot sover as Kroonstad en Messina sonder enige baat. Sy is in 1948 oorlede. Intussen het hy deur harde werk en volharding ongeveer 200 morge landerye ontbos, woonhuis verbeter, damme gemaak en omheinings aangebring. Plaas is in agt kampe verdeel. Vier boorgate is gesink wat gesamentlik 18,600 gell. water per uur lewer. Tans verbou hy ertappels, grondbone, mielies en sonneblom met welslae. Veestapel word op ongeveer 100 gehou om oorbeweiding te voorkom. Hy is in 1950 weer in die eg verbind met mej. W. Gouws van Heidelberg, Tvl. Uit die huwelik is twee seuns gebore. Hy het reeds Rhodesië besoek. Deur hard te werk en te spaar kon hy plaas ten volle betaal en alle implemente koop wat hy nodig het. Adres : Soetfontein, Pk. Bylsteel.



**BREUGEM, Gerrit Marinus.** Gebore op 20 Maart 1916 te Pietersburg, ontvang hy skoolopleiding aldaar. Seun van Johannes Breugem wat in 1902 na S.A. gekom het uit Schiedam, Holland, en sonder ondervinding hom as sakeman te Pietersburg en distrik kom vestig het. Na skoolopleiding te Pietersburg Hoërskool tree hy en broer saam met vader tot sakewêreld toe met gedagte om koelkamers aldaar op te rig vir uitvoer van beesvleis. Tot dusver is uitgevoer sonder nodige koelkamers te Pietersburg, maar wel deur Pretoria in die jare 30 uitgevoer. Intussen is reeds groot kudde beeste opgebou en uitgestrekte weiding kon goedkoop gehuur word. Gedurende Tweede Wêreldoorlog is boerdery ingekort en meer aandag aan sake gewy. 'n Fout wat begaan is om die veekudde in te kort. Sedert 1948 word beeste weereens gevoer en bemark op uitgebreide skaal, want aanvraag is tans groot. Die huidige grootte van hulle eiendom is 3,500 morge. Na voltooiing van handelskursus aan die Hoër Tegniese Skool te Pietersburg is seun Johannes besig met opleiding aan Landboukollege Potchefstroom. Uit sy huwelik met mej. Anna van der Merwe, van Heidelberg, is 'n seun en twee dogters gebore. Adres: Devonia, Pk. Bochem, N.Tvl.



**BREYTENBACH, Paul Stephanus.** Sekr. van Pietersburg-Boerevereniging sedert 1940 en lid sedert stigting in 1924. Voors. van Driedoringhoek-Skoolkommissie, lid van Noord-Tvl. Koöperatiewe Streekskomitee, voormalige Voors. van Grondbewaringskomitee, 20 jaar lange Luit. van Van Zyl-Slabbert-Skietkommando, en was Kerkraadslid van N.G. Kerk Pietersburg-Noord. Hy is op 10 Maart 1898 te Vrede gebore en het skoolopleiding plaaslik ontvang. In 1912 verlaat hy skool en boer saam met vader te Vrede. In 1919 verhuis die gesin na huidige plaas Bylsteel en daaropvolgende vyf jaar is hy vader met boerdery behulpsaam. Deur Landbanklening kon hy in 1924 gedeelte van plaas 400 morge van vader oorneem en lê hom hoofsaaklik toe op beesboerdery, in beginstadium met 'n kudde van 80. In 1936 koop hy verdere deel van plaas by en verbou grondbone wat so lonend was dat hy plaas Sierbos van 430 morge in 1952 kon bykoop. Gedurende droogte in 1947 was sy verliese aan beeste groot maar tans is kudde 200 sterk. Behalwe woonhuis, is alle geboue op plaas eiehandig opgerig, plaas is in kampe verdeel, vier windpompe is opgerig en elke boorgat het ongeveer £1,000 gekos. Uit sy huwelik met mej. Martha Venter van Vrede, O.V.S., is 'n seun en vier dogters gebore. Adres : Pk. Bylsteel, dist. Pietersburg.

**BURGER, Andries Petrus.** Gebore op 20 Februarie 1923 te Pietersburg, ontvang hy skoolopleiding aldaar. Vervolgens bekwaam hy hom as werktuigkundige en was in die hoedanigheid, later as voorman, 13 jaar lank in diens by motorsaak. Liefde vir boerdery, laat hom betrekking prysgee en hy tree in diens by mnr. Solly Tager teen salaris en bonus van opbrengs. Na slegs 'n jaar diens, word hy bestuurder van die hele groot onderneming van 5,000 morge, met 'n groot ertappelboerdery en beesboerdery van 1,000 sterk as vernaamste vertakkings in samewerking met eienaar. Vir afgelope drie jaar behartig hy die groot uitgebreide gemengde boerdery met welslae. Uit sy huwelik met mej. Martie Greyling van Pietersburg, is twee seuns en 'n dogter gebore. Adres : Posbus 237, Pietersburg.

**CLAASSEN**, Marthinus Cornelius. Eienaar van Afrikanerbees stoetery en Jerseystoet sowel as algemene boerdery op die plaas Palmietgat, distrik Pietersburg. Gebore op 20 September 1905 en skoolopleiding geniet te Parys en Pietersburg. Getroud met mej. J. M. Hoffmann, van Pietersburg, en uit die huwelik is een seun en een dogter gebore. Seun het Landbouhoërskool Brits besoek en is tans as vennoot in boerdery opgeneem. Mnr. Claassen begin reeds op jeugdige ouderdom saam met broers boer na die afsterwe van sy vader in 1918. Verhuis met moeder en res van gesin na plaas van sy vader in die distrik Pietersburg. In 1930 kon eie boerdery op eie grond egter eers werklikheid word. Depressiejare het 'n eie stoetery maar net 'n ideaal laat bly. Na die depressie word eerste stoetdiere aangekoop en mettertyd kon diere met suiwer Du Plessis-bloed bygevoeg word. Die stoet bestaan tans uit 280, deur die jare deur noukeurige seleksie op advies van telers en voorligtingsbeamptes en deur kursusse by te woon, opgebou tot die peil wat dit vandag handhaaf. In 1956 ding enkele bulle uit die kudde mee op die skou te Pietersburg. Een bul presteer besonder goed en verower twee bekers as die besgeteelde bul van enige ras en die beste vleisbul. 1957, Pietersburg: senior kampioenbul, junior kampioenbul, 1ste prys 3 bulle deur eienaar geteel. 1957, Potgietersrust, Transvaal Kampioenskappe: beste bul (oor drie jaar) in Transvaal geteel. Mnr. Claassen is ook die trotse eienaar van 'n klein Jerseystoet en ook teler van Van Rooyen- en Lettelskape. Adres: Palmietgat, Posbus 41, Pietersburg. Tel. 7104.

**COLLINS**, Letitia Catherine (Mej.). Gebore op 18 Maart 1920 te Pietersburg, ontvang haar skoolopleiding aldaar en vervolgens 'n vierjarige opleidingskursus in verpleging te Pretoria gevolg. Gedurende Tweede Wêreldoorlog sluit sy by S.A. Leër aan en dien onder Rooikruis tot in 1940 met die rang van sersante. Daarna keer sy terug na familieplaas waar sy as kind skape opgepas en perdgery het en neem boerdery onder toesig van vader waar. Weens hoë ouderdom van vader neem sy mettertyd boerdery alleen waar. Geweldige haelskade in 1946 laat slegs 150 van 500 skape oor en versoeking om boerdery te staak, was groot. In 1951 en drie jaar later is albei haar ouers oorlede, erf plaas Hoogebult 734 morge groot en behartig sedertdien boerdery sonder enige blanke manlike hulp. Sy het baie verbeterings aangebring, o.a. omheining. Grondbone-verbouing was die grondslag van die suksesvolle boerdery en tans verbou sy ook mielies en behartig vark- en beesboerdery. Al haar aandag en liefde wy sy aan plaas en neem selde aan sosiale lewe deel. Adres : Posbus 477, Pietersburg.

**DE NECKER**, Antonie Michael. Sekr. van Platkoppies-Boerevereniging, Diaken van Hervormde Kerk, Bestuurslid van N.P.-tak en Komiteelid van plaaslike Skoolkommissie. Hy is op 28 Okt. 1916 in dist. Pietersburg gebore en het skoolopleiding plaaslik ontvang. Deur vir andere borg te staan, het sy vader insolvent geraak en moes hy in 1930 die skool verlaat om te help verdien. Hy tree in diens by 'n boer teen £1-10-0 per maand vir jaar en teen £2-10-0 per maand vir twee jaar en tree vervolgens as arbeider tot Prov. Administrasie toe teen 4/- per dag. Gedurende daaropvolgende 20 jaar, was hy in diens by S.A.S. In 1952 koop hy plaas Skuinshoek, 131 morge groot, van broer en moes £20 per maand afbetaal. Sedert 1956 boer hy voltyds. Aanvanklik het hy net drie beeste en drie skape besit, tans het dit vermeerder na 20 en 40 onderskeidelik. Hy verbou met welslae grondbone en mielies. Sedertdien het hy aansienlike verbeterings op plaas aangebring, dit in vier kampe verdeel en landerye is vergroot. Uit sy huwelik met mej. P. Haasbroek van Soutpansberg, is twee seuns gebore. Adres : Skuinshoek, Pk. Solomonsdale, oor Pietersburg.

**DE NECKER**, Hermanus Bernardus Johannes. Gebore op 25 Mei 1923 in dist. Pietersburg, ontvang hy skoolopleiding te Platkoppies. As jong seun verlaat hy skool en tree in diens by mev. Fourie as voorman, grotendeels vir ondervinding. Gedurende 1940 was hy verbonde aan S.A.S. en daaropvolgende jaar keer hy terug na familieplaas en neem saam met vader boerdery waar op 339 morge teen eenderde van die oes. Sedert 1953 behartig hy selfstandig die boerdery wat harde werk beteken en verbou hoofsaaklik grondbone. Hy het twee boorgate op plaas aangebring wat 3,500 gell. per uur lewer, plaas omhein en in kampe verdeel. Sy oorspronklike beeskudde van vyf, is reeds 50 sterk en die aankoop van 'n eie plaas, hoop hy om in nabye toekoms te verwesenlik. Hy is Sers. van Platkoppie-Skietvereniging en lid van N. Transvaalse Koöperasie. Adres : P/Sak 1310, Pietersburg.

**DIQUE**, Andries Petrus Johannes. As skoolseun tot op 24 jarige leeftyd, het hy saam met vader boerdery behartig. Tot in 1952 was hy op die paaie werksaam met groot ideaal om met spaargeld eie plaas te koop. Na drie jaar as Weë-Superintendent in Rhodesië, kon hy 'n ander £2,800 spaar en durf vervolgens gemengde boerdery aan op 200 morge, die huidige plaas Anexalion. Die plaas was ongetemde bosveld. Alle geboue, omheinings, kampe, is eiehandig deur hom daargestel en na eerste twee jaar was 100 morge landerye ontbos. Deurgaans kon hy gemengde boerdery met welslae beoefen en tans huur hy 1,000 morge by waar hy ertappels op uitgebreide skaal verbou. Hy is op 5 Augustus 1913 in distrik Pretoria gebore en kon skoolopleiding aan plaasskole ontvang o.a. Platkoppies. Uit sy huwelik met mej. Johanna (Babs) Korff van dieselfde omgewing, is een dogter gebore. Adres : Anexalion, Pk. Drendon.

**ERASMUS, Pieter Hendrik Christoffel.** Stigterslid, Voors. en voormalige Sekr. van Geyser-Boerevereniging. Lid van N.T. Koöperasie en algemene boer op plaas Rietvlei. Hy is op 7 Maart 1909 te Bethal gebore en het skoolopleiding te Middelburg ontvang. As seun van 14 jaar help hy vader boer vir eie onderhoud en ervaring. Na drie jaar gaan hy oom met boerdery help vir 40 sakke mielies per jaar, bemark teen 3/6 per sak. Op 20 jarige leeftyd durf hy boerdery selfstandig aan op 300 morge gehuur in dist. Middelburg. Na twee jaar verhuis hy na huidige plaas 325 morge groot en huur dit van vader. Deur harde werk en volharding kon hy plaas van vader koop in 1943 en verbou hoofsaaklik grondbone. In 1949 koop hy verdere deel van Rietvlei by, 363 morge, tans met totale oppervlakte van 688 morge. In 1956 koop hy plaas Waterval by, 200 morge groot. Hy het tans beeskudde van 240. Uit sy huwelik met mej. Maria Espach van Pietersburg, is twee seuns en 'n dogter gebore. Adres : Rietvlei, Pk. Geyser.

**FICK, Daniel Francois.** Voors. Dendron-Boerevereniging vir afgelope tien jaar en voormalige Sekr., lid van Beeste-Komitee van T.L.U. sedert 1944, Voors. Grondbewaringskomitee, lid van Gesondheidskomitee en voormalige lid van Skool- en Koshuiskomitee vir 14 jaar. Gebore op 18 Okt. 1909 in dist. Bloemfontein, ontvang hy skoolopleiding te Brandfort. As seun van elf, het hy moeder verloor en later broer en suster. Hy en vader behartig vervolgens alleen boerdery. Op 24 jarige leeftyd, koop hy huidige plaas Baviaanspoort, 1,633 morge groot, met erfenis van moeder ontvang. Sonder kapitaal durf hy boerdery aan en koop beeste met Landbanklening. Boerderymetodes in omgewing het mettertyd so verander dat hy tans een van drie bonafide beesboere is. Die area het ontwikkel tot bekende ertappelstreek en tans verbou sy oudste seun Danie Jacobus, ertappels op familieplaas. Mettertyd is eiendom stelselmatig uitgebrei deur drie plase by te koop en tans word gemengde boerdery met welsae beoefen op 3,500 morge. Uit sy huwelik met mej. Gezina Gildenhuis, is twee seuns en een dogter gebore. Adres : Baviaanspoort, Pk. Dendron.




Good old Dad!



Watching the Baxters at the Show gave me so much pleasure! It was good to see their pride in that long worked for championship—good to hear young Adrian's spontaneous "Good old Dad!"

Yes, doubly good, for as the "Man from the Old Mutual" in the district I knew that all the work that had been put into Spring Park — the contour furrows, the dams, the scientific pasture development, the careful breeding of the herd — all of it was secure. I remembered Mr. Baxter's words: "I'm not farming for this season or the next — I'm planning for the future — especially Adrian's future — and your Old Mutual 'Farmer's Policy' is the cornerstone of my plan."

And so, my applause for the championship was mingled with a sincere tribute to wisdom and foresight as I added my "Hear! Hear" to Adrian's "Good old Dad!"

**Your farm is your investment and your family's heritage. Keep the farm in the family with the help of an Old Mutual 'Farmer's Policy' — why not get in touch with your "Man from the Old Mutual" right away?**



Fully comprehensive insurance of the Homestead and its contents.

Vehicle and implement insurance.

Also Personal Accident and Fire Insurance.

Have your farm outbuildings and all equipment fully covered by the "Old Mutual's" Associate Office for Fire, Accident and Marine Insurance.

**THE OLD MUTUAL**

*Your Friend for Life*

SOUTH AFRICA'S OLDEST AND LARGEST LIFE ASSURANCE OFFICE

**SOUTH AFRICAN MUTUAL FIRE AND GENERAL INSURANCE COMPANY LIMITED**



**GROBBELAAR, Joachim Marthinus.** Algemene boer op plaas Duitsland, wat hom veral toelê op produksie van ertappels vir wintermark. Hy word tereg beskou as pionier van ertappelverbouing in die Dendron-area. Hy is op 3 Sept. 1904 te Soekmekaar gebore en het skoolopleiding plaaslik sowel as aan Hoërskool Robertson ontvang. Direk daarna tree hy as bywoner tot vader se boerdery toe op plaas Groot Spelonken. Sy groot begeerte was altyd om eie grond te hê, al was dit maar een of twee morge onder besproeiing ten einde ertappels te verbou. Deur harde werk kon hy intussen 'n paar honderd pond spaar, maar die geskikte grond kon hy nie vind nie. Mattheus 21 vers 22 wat as volg lui: „En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo" was die aansporing tot die aankoop van huidige plaas. Enkele dae nadat hy getref is deur inhoud van genoemde teks, koop hy 400 morge in erkende droë bees-streek waar plase tussen 1,000 en 4,000 morge groot was. Hy moes bespotting verduur oor sy oormoedigheid om onder daardie ongunstige omstandighede boerdery te wou aandurf. Hy boor, tref sterk water en plant aanvanklik twee morge ertappels. So suksesvol was sy poging dat hy kon uitbrei en nogeens laat boor. Aanvanklik was al middel van vervoer 'n bokwaentjie en kar met muile. Uit sy plaasopbrengs kon hy mettertyd 1,000 morge bykoop en tans verbou hy ertappels op 50 morge landerye, wat reeds rekord-oes van 60,000 sakkies kon lewer. As gevolg van sy welslae met die onderneming, is die ou beproefde boerdery-strekking van die hele omgewing van Dendron verander. Groot plase is opgesny, boorgate gesink en tans is dié omgewing die mees vooruitstrewende in Laeveld op gebied van ertappelverbouing. Volgens skatting het dié area gedurende 1957 seisoen £20,000 gelewer in radius van tienmyl. Die gebied hou onbeperkte moontlikhede vir toekoms in. Mettertyd is 'n gerieflike woonhuis, buitegeboue en talle ander verbeterings deur hom eiehandig aangebring om sy wilde beesveld te omskep in 'n lonende saaiplaas. Adres: Posbus 8, Dendron.

**GROBLER**, Jan Dirk. Sy loopbaan as boer het op 16 jarige leeftyd begin saam met vader vir eie onderhoud. Beeste oppas was sy besondere taak. Na drie jaar, was hy vir ses maande in diens te Letaba teen £9 per maand vir beroking van sitrus. Vervolgens boer hy vir mnr. Karel Smit te Grootspelonken, aanvanklik vir een-tiende, vervolgens vir een-sewende deel van oes. Met £125 spaargeld, koop hy 25 morge te Dendron en moes £2-10-0 bydra vir hereregte. Deur saam met broer nag en dag te werk kon eerste oes £1,500 oplewer. Sonder arbeid, geen naturel kon volhou om by hulle te werk nie, was dit 'n besondere prestasie. In 1946 verkoop hy eiendom met sodanige wins, dat huidige plaas Waldburg van 280 morge, sonder skuldlas aangekoop kon word. Alle verbeterings, o.a. geboue, landerye en verskeie kampe, is deur hom eiehandig aangebring. Harde werk en volharding het binne korte tyd van hom selfstandige boer gemaak. Tans verbou hy hoofsaaklik ertappels. Hy is Diaken van Hervormde Kerk, en lid van Boukommissie, lid van plaaslike Koshuiskomitee. Uit sy huwelik met mej. Miems Potgieter van Messina, is twee seuns gebore. Adres: Waldburg, Pk. Dendron.



**GROBLER**, Leendert Johannes. Algemene boer op plaas Waldburg, lê hom hoofsaaklik toe op verbouing van ertappels. Hy is op familieplaas Groot Spelonken gebore en het skoolopleiding ontvang te Daviesville. Op 16 jarige leeftyd is hy vir 'n jaar na S.S.B. teen besoldiging van 1/- per dag. Die opleiding het hom deurgaans bevoordeel, selfdissipline veral is sterk aangekweek. Vir volgende twee jaar was hy met boerdery by vader behulpsaam vir eie onderhoud. Vervolgens boer hy om 'n deel saam met mnr. Joachim Grobbelaar maar ontbind ooreenkoms voor eerste oes en durf boerdery op 25 morge te Dendron aan saam met broer. So hard het hulle moes werk en sulke lang ure, dat geen naturel in diens wou bly nie. Weldra kon hul die grond teen wins verkoop en huidige plaas van 240 morge aankoop, sonder skuldlas. Gedurende eerste drie jaar moes uiters swak huis bewoon word. Alle verbeterings op plaas o.a. wonhuis, buitegeboue, kampe en landerye is alles eiehandig aangebring. Uit sy huwelik met mej. Hester Potgieter van Messina, is vier dogters gebore. Adres: Waldburg, Pk. Dendron, Noord-Transvaal.

**GROBLER**, Nicolaas Johannes. Gebore op 29 Aug. 1923 te Pietersburg, ontvang hy skoolopleiding aldaar. Aanvanklik tree hy in diens as winkelklerk teen £7-10-0 per maand. In 1946 koop hy saam met broers huidige plaas Waldburg, deur lening Deur harde werk en volharding, kon tot verbasing van bankbestuurder, die lening binne eerste jaar terugbetaal word. In 1957 konverdere 200 morge aangekoop word sonder skuldlas. Watervoorsiening was grootste struikelblok om boerdery met welslae te beoefen. Daar moes 65 boorgate gesink word en soms moes hy water op sleepwa aanry om ertappeloes te red. Tans is die struikelblok oorwin en verbou hy ertappels suksesvol. Hy is tans Skriba-Kassier van Hervormde Kerk en Sekr. van Boukommissie. Uit sy huwelik met mej. Kotie de Meyer van Dendron, is twee seuns gebore. Adres: Posbus 24, Dendron.



**HERMANN**, Hermanus Nicolaas. Bestuurslid van Sonop - Boerevereniging, lid van N.-Tvl. Koöperasie en was diaken van Gereformeerde Kerk. Hy is op 26 Maart 1921 op Brits gebore en het skoolopleiding aan plaasskole Vissershoek en Netrecht ontvang. In 1936 moes hy skool verlaat om sorg van ouers op hom te neem. As deelsaaier te Kalkfontein, boer hy vir 16 jaar. Intussen verbeter hy plaas, lê landerye aan, bou huis eiehandig as ook groot beeskraal van stene en sement en verdeel plaas in drie kampe. In 1949 kon hy dieselfde plaas van 400 morge deur bemiddeling van Landraad aankoop, huis vergroot, en gat laat boor wat 4,000 gell. water per uur lewer. Hy verbou met welslae grondbone, mielies, kafferkoring en sonneblomme. Sy oorspronklike twee beeste en sewe skape het intussen vermeerder na 60 en 70 onderskeidelik. Deur harde werk en volharding, het hy 'n suksesvolle boerdery opgebou. Uit sy huwelik met mej. H. van Wyngaardt van Middelburg, is 'n seun en drie dogters gebore. Adres: Kalkfontein, Pk. Munnik.



**HERSELMAN**, Paul Johannes. O/Voors. van Sandrivier - Boerevereniging, lid van N.T.K., lid van Platkoppies - Skietvereniging, diaken van N.G. Kerk en voormalige Sekr. van Driedoringhoekskool. Hy is op 29 Maart 1911 te Humansdorp gebore en het skoolopleiding ontvang te Joubertina, K.P. In 1927 by skoolverlating gaan hy vader met boerdery help. In 1930 verhuis gesin na Pietersburg en daaropvolgende agt jaar help hy met boerdery. In 1938 koop hy met Landbanklening plaas Spitshoek, 541 morge onverbeterd. Met 54 beeste begin hy en het tans 100 tenspyte van swaar verliese gely deur droogtes, selfs 70 melkkoeie per keer. Die oorspronklike 30 morge landerye is mettertyd uitgebrei tot die huidige 120 morge. Grondbone het meegehelp tot suksesvolle boerdery en gepaard met harde werk, volharding en besparing, sodat tans geen skuldlas druk nie. Plaas se kapitale waarde beloop tans £10,000. Uit sy huwelik met mej. M. M. Marx van Johannesburg, is een seun gebore. Adres: Spitshoek, Pk. Bylsteel.

**KNOTT, John Theunis.** Owner of Blomtuin Africander Stud and practising mixed farming on the farm Blomtuin, was born on the 9th of Sept., 1912, at Bethulie. He attended school at Potchefstroom. In 1921 he started his farming career with his father and in 1932 bought his present farm of 3,000 morgen with a Landbank loan and started farming independently. Since 1943 he gradually increased his holdings to 10,000 morgen in the Soutpansberg and Pietersburg areas. Most of the grazing is mountainous, as a result of which he concentrates on Africander cattle; a hardy animal able to utilize existing veld conditions. He purposely makes no use of additional feeding so as to ensure a hardy animal capable of maintaining itself under adverse conditions. All the bulls used are from his own stud. He married Miss N. Oxley-Oxland of Benoni and they have a son and a daughter. Address: Blomtuin, P.O. Munnik.

**KRUGER, Marthienus Jacobus.** Algemene boer op plaas Groothoek, is op 24 Mei 1908 te Pietersburg gebore. Sy skoolopleiding het hy ontvang aan verskeie plaasskole in omgewing en direk daarna saam met vader begin boer tussen Molitsie en Metale, tans naturellegebied. Produksie op eie land was vir sy eie rekening en as jong seun openbaar hy reeds talent vir spekulasie. Na sy huwelik word grond as naturelle-trust-gronde aan Staat verkoop, en koop hy huidige plaas, 647 morge groot en onverbeterd, deur bemiddeling van Landraad. Dit was ongetemde bosveld, hy moes landerye ontbos, kampe span en woonhuis oprig. Sy vrou moes met minimum tevrede wees. Harde werk, volharding en opoffering kon van hom selfstandige boer maak tenspyte van groot verlies van beeste in 1945 weens droogte. Dikwels moes kalwers bemark word ten einde rente op plaaslenings te betaal. Tans bewerk hy 150 morge landerye en verbou hoofsaaklik ertappels oorspronklik aangepak op vier morge met boorgat wat 800 gell. per uur lewer. Het later tweede boorgat gesink wat 7,000 gell. per uur lewer, wat sewe morge besproei. As gevolg hiervan het boerdery met rasse skrede vooruit gegaan. Skulde is reeds afgelas. Hy was agt jaar lank Kerkraadslid van Gereformeerde Kerk. Uit sy huwelik met mej. Katie Jordaan van Wakkerstroom, is een dogter gebore. Adres: Groothoek, Pk. Dendron.



**LANG, James Pearce.** Practises mixed farming on the farm Rustfontein in Soutpansberg District, concentrating on grenadilla culture, gumtrees and cattle. He was born on the 19th Dec., 1894, in Johannesburg and educated at Marist Brothers School. For six years prior to 1924 he farmed jointly with his father, thereafter commenced on his own behalf on a farm, 400 morgen in extent, situated near Munnik. He produced cream, reared pigs and grew mealies. During 1936 he sold and moved to the present farm where he started planting blue gums and general crops. His original Friesland herd had to be crossed with Africander cattle to withstand climatic conditions. During 1941 to 1945 he served with the S.A. Forces visiting N. Africa and Italy and on his return, had to start almost from scratch. Since then he concentrated on the culture of grenadillas which proved a great success. At present cultivates 30 morgen under grenadillas, and should trellises be put end to end, they would extend over 50 miles. He married Miss J. M. Greathead of Grahamstown and they have three sons. His son, Mr. D. C. B. Lang, has now joined him on the farm. Address: P.O. Box 17, Munnik.

**MINNAAR, Daniël Jacobus.** Voors. van Sandrivier-Boerevereniging. Oudl. van N.G. Kerk, lid van N.T.K. en algemene boer op plaas Uitkyk. Sy loopbaan as boer begin reeds op 16 jarige leeftyd toe hy saam met vader begin boer in dist. Lydenburg, grotendeels met merinos. In 1912 verhuis hy na dist. Middelburg en begin selfstandig met algemene boerdery. Daaropvolgende jaar tree hy in huwelik met mej. Johanna v.d. Merwe van omgewing, en verhuis saam met skoonvader in 1918 na dist. Pietersburg waar hy sy boerdery vir twee jaar waarneem. In 1921, kon hy deur bemiddeling van Landraad sy huidige plaas 500 morge groot onverbeterd aankoop. Dit was ongetemde bosveld en 'n tent moes dien as woning. Eiehandig het hy woonhuis en buitegeboue opgerig, plaas omhein en in kampe verdeel, en landerye ontbos. Tans is dit een van spogplase van omgewing. Sy beeskudde is met vier begin en in 1945 was sy verlies weens droogte 70; hy moes sover as Gallagen trek vir water. Tans is die kudde 65 sterk. Harde werk, volharding en troue bystand van sy eggenote alleen kon sy vooruitgang as boer moontlik maak. Hy is op 30 Aug. 1892 in dist. Pretoria gebore en het skoolopleiding te Pretoria ontvang. Hy het Rhodesië besoek. Adres: Posbus 2, Pietersburg.

**MOCKFORD, Frank Ireland.** Practises mixed farming on the farm Hollandsdrift, specialising in seed potato production. He was born on the 31st of May 1915 at Pietersburg and educated at King Edward VII School in Johannesburg. From 1939 to 1945 during Second World War, he served with the S.A.A.F. and promoted to the rank as Captain. Has visited Israel, Syria, Egypt and East Africa. After demobilisation in 1946, started farming on the farm Tweefontein and eventually moved to the present farm in 1955. He was a keen rugby player, and played for his school as well as a first team cricketer for Pietersburg prior to the last war. He married Miss Katharine Mary Lawson of Ofcolaco, N. Tvl., and they have two sons and two daughters. Address: P/Bag 1301, Pietersburg.

# Molietsieland Farmers' Association

Molietsieland Farmers' Association was formed in 1910 and as such is one of the oldest Farmers' Associations in the Northern Transvaal. It is still honoured by one of its foundation members, Mr. J. S. Hutton, one of the most respected farmers in the North, who served the Association as chairman for many years. Reading through the old minutes one gets an idea of the work of this Association and the active part taken in all problems concerning farming. In 1914 Sir Owen Phillips, together with the T.A.U., organised a tour of 50 farmers to Europe. Molietsieland was represented on this tour by the late Mr. J. J. K. Ziervogel. In 1919, after the first World War, a member of this Association represented the T.A.U. in Cape Town on the Native Labour Question and during the following years attended several Agricultural Congresses in the Union. The Asiatic Question constantly appears in the minutes and this Association endeavoured to stop further immigration. The late Mr. J. J. Ziervogel and Mr. A. M. Baker figure prominently in this matter. In July 1919 this Association proposed to include Contagious Abortion as a Notifiable Disease also that all areas infected be put under quarantine. Continuous efforts were maintained during the years to form a bridge between the Agricultural Department and the farmers. Then already, 40 years back, the importance was stressed of farmers as members of a Farmers' Association supporting organised agriculture.

In 1920, when the Pietersburg District Farmers' Union was formed, the Molietsieland members were staunch supporters warning farmers not to break away from the T.A.U., the mother of all Agricultural Unions in South Africa.

In 1930 delegates attended various meetings with a view to establishing a Cream Producers' Union.

Since 1934 until the declaration of World War II, this Association arranged many interesting Farmers' Days with lectures and demonstrations given by the members of the Department of Agriculture.

After the war, members of this Association were prime movers in the effort of soil conservation in the Northern Transvaal.

In 1950 a very successful Farmers' Day was organised on the farm of Mr. M. Ziervogel. The interest shown in this venture moved the chairman, in his next annual report, to suggest a visit to Mara Research Station. This was subsequently arranged and formed the nucleus of the well-known Annual Farmers' Day held at Mara and drawing visitors from many parts of the Union and Rhodesia.
Address: M. Ziervogel (Chairman), P.O. Box 140, Pietersburg.



**MYNHARDT, Jacobus Petrus.** Bestuurslid van Dendron-Boerevereniging; lid van Beheerraad Hoërskool Pietersburg; lid van Weëraad; Direkteur van Noord-Vaal Beleggingsmaatskappy; lid van Dendron Grondbewaringskomitee. Hy is op 5 Sept. 1911 te Boksburg gebore en ontvang skoolopleiding te Heilbron. Tree vervolgens in diens by vader in loodgietersaak te Heilbron. Die gesin verhuis na Rand en terwyl hy werksaam was as loodgieter, volg hy kursus van 18 maande aan die Staatsmyn. Hy kwalifiseer as mynwerker en werk daaropvolgende 12 jaar in dié hoedanigheid. Intussen tree hy in huwelik met mej. Dorothea Muller, van Boksburg. Gedurende sy daaropvolgende dienstermyn van vyf jaar aan Sub-Nigelmyn, open ne bestuur sy eggenote 'n dames-uitrustersaak. Met elke pennie van hul spaargeld begin hy sy loopbaan as boer, koop huidige plaas Kwagasbult van 700 morge teen £1-12-0 per morg. Die plaas was slegs gedeeltelik verbeterd met ou woonhuis, windpomp en 33 morge landerye. Sonder enige kennis, en feitlik geen kapitaal, durf hy boerdery aan. Na twee moeilike jare van mielieverbouing, neem hy lening en koop 200 sakke saadertappels en plant dit gedurende Januarie op droëland. Niemand het in die area voorheen iets dergeliks gewaag nie. Sy oes was 'n groot sukses en lewer 1,700 sakke, bemark teen 35/- per sak. Op hierdie eerste suksesvolle poging as basis, kon hy gemengde boerdery voortbou. Eerste poging om boorgat te sink lewer 2,000 gellings per uur en gevolglik kon twee morge onder besproeling gebring word. Mettertyd is sewe boorgate gesink en ertappels verbou op 132 morge onder besproeiing, wat in 1957 'n oes van 45,000 sakkies kon lewer. Deur eggenote se troue steun en opoffering, volharding en harde werk van die egpaar, kon ruim wonhuis opgerig word wat tans gewaardeer word teen £10,000 met 'n totale plaaswaardasie van £38,000. Sedertdien kon 1,350 morge aan die Limpopo aangekoop word sowel as 1,250 morge te Vivo, alles vry van skuldlas. Adres: Posbus 14, Dendron.

**MÖLLER, Johann August.** Saaiboer op die plaas Anex-Allon, verbou hoofsaaklik ertappels en mielies. Hy is op 28 Julie 1903 in omgewing gebore en ontvang skoolopleiding aan plaasskool en te Pietersburg. Direk daarna moes hy boerdery vir moeder oorneem by afsterwe van vader. Vervolgens tree hy in diens by dr. Möller teen £15 per maand vir volgende ses jaar. Met Landbanklening koop hy beeste en huur sy eerste plaas. Na 'n jaar kon hy in 1937 plaas aankoop, weer verkoop en huidige plaas van 450 morg in 1950 koop. Hy ondervind gevoelige verlies van feitlik hele beeskudde terwyl 250 morge beplant met mielies en bone, slegs £200 oplewer weens droogte. Hy moes opnuut begin maar deur harde werk, volharding en onwrikbare geloof, kon hy welslae behaal met verbouing van ertappels. Vier morge lewer hom 'n rekordoes van £2,500. Afgelope tien jaar is hy Kerkraadslid van N.G. Kerk, afgelope 20 jaar lid van Skool- en Koshuiskommissie en tans is hy Sekr. van N.P.-tak. Uit sy huwelik met mej. J. Streicher van Bethal, is 'n seun en dogter gebore. Adres : Posbus 21, Dendron.

**NAUDE, Pieter Jacobus** Bestuurslid van Sandrivier-Boerevereniging, Voors. van Densand-Grondbewaringskomitee, lid van N.T.K. en voormalige Kerkraadslid van N.G. Kerk. Hy is op 7 Aug. 1905 te Ladybrand gebore en het aldaar skoolopleiding ontvang. As jong seun moes hy skool verlaat ten einde vader vir daaropvolgende sewe jaar met boerdery behulpsaam te wees. Weens moeilike jare, moes hy gedurende die tyd as kneg by boere in diens tree vir deeltjie van oes. In 1929 kon hy deur bemiddeling van Landraad plaas Onverwacht, 558 morge, aankoop. Merinos en melkery was hoofvertakkings, eersgenoemde is weens siekte alles verloor en laasgenoemde was nie lonend. Vir daaropvolgende 18 jaar lê hy hom derhalwe toe op saaiery, verkoop plaas en koop huidige plaas Groenpan van 720 morge. Behalwe vir 15 morge landerye, was plaas onverbeterd. Alle geboue, omheinings en nege kampe is eiehandig daargestel, en landerye uitgebrei na huidige 260 morge. Boorgat wat 20,000 gell. water per uur lewer, is gesink. Grondbone was aanvanklik hoofproduk maar weens siekte onder die gewas, het hy oorgeskakel na ertappels. Die huidige kudde van 200 suiwer Rooipoenskopbeeste is die produk van die aanvanklike kudde van 50. Uit sy huwelik met mej. Alida du Toit van Pietersburg, is twee seuns gebore. Adres : Groenpan, Pk. Bylsteel.

**NEL, Gert Cornelis.** O/Voors. Platkoppies-Boerevereniging, het gedurende tydperk 1920 tot 1931 saam met vader geboer en was daaropvolgende 11 jaar verbonde aan boubedryf te Pretoria. In 1942 koop hy huidige plaas Rietgat, 800 morge teen £2-12-6 per morg onverbeterd en begin selfstandige boerdery met 60 beeste en mielieverbouing. Daaropvolgende jaar word grondboneproduksie ingeskakel en deur



harde werk en volharding, kon reeds £4,000 omset behaal word. Alle verbeterings is eiehandig aangebring o.a. woonhuis, 200 morge landerye, ses weidingskampe met watervoorsiening, drie sementdamme met gemiddelde waterinhoud van 90,000 gell. per dam, semetvoor van 1,200 jrts. vir besproeiing, twee boorgate, windpomp en store. Tans beoefen hy droëlandsaaiery en behartig kudde van 150 beeste. Huidige grondwaardasie beloop £20 per morg. Uit sy huwelik met mej. C. E. Swanepoel van Pietersburg, is 'n seun en drie dogters gebore. Adres : Rietgat, Pk. Dikgale.

**NEWHAM, Raymond Eric.** Started farming with his late uncle Charlie Newham on Soetdorings, district Pietersburg. He worked there for 12-13 years, did shop keeping, Post Office, Roller mill, also pigs, sheep and cattle. Had to do everything including mechanics. Got married 1949 and went on his own to the Soutpansberg on a cattle farm belonging to his late uncle. In 1951 he came to the present farm, also owned by his uncle and now he is farming with cattle, pigs and potatoes. He also served in the last world war up North for approx. three years Address : Bellevue, P.O. Dendron.



**OLIVIER, Johannes Aletta.** Boer en sakeman te Dendron, is op 7 Okt. 1915 in dist. Pietersburg gebore, en het skoolopleiding aldaar ontvang. Direk daarna moes hy vir vader boerdery behartig terwyl lg. verbonde was aan Prov. Adm. Na aftrede van vader, kon hy op 28 jarige leeftyd sy eerste plaas aankoop, nl. 1,000 morge, deur bemiddeling van Landraad. Na drie jaar se harde werk, kon hy skuldlas delg en nog beleggings elders doen. Mettertyd is die plaas verbeter tot een van puikste plase in omgewing. Na vier jaar kon hy 'n tweede plaas, 120 morge groot, met sterk water, en die helfte daarvan onder besproeiing, aankoop. Behalwe die bestuur van die twee plase, behartig hy ook die Dendron-Rollermeule en 'n Algemene Handelaarsaak. Hy is lid van Pietersburgse Sakekamer, Kerkraadslid van N.G. Kerk, lid van Grondbewaringskomitee en was vir sewe jaar Sekr. van Kalkbank-Boerevereniging. Uit sy huwelik met mej. Elsie Vercueil van dieselfde area, is 'n seun en dogter gebore. Adres : Dendron-Rollermeule, Pk. Dendron.

**PENNELLS, Jan.** O/Voors. van Munnik-Boerevereniging, O/Voors. van N.P.-tak en algemene boer op plaas Eerste Geluk. Hy is op 2 Jan. 1910 in distrik Wepener gebore en het skoolopleiding plaaslik ontvang. Op 13 jarige leeftyd moes hy skool verlaat en tree by mnr. Olivier in diens as voorman teen £1 per maand vir vier jaar, vervolgens by 'n Duitser teen £3 per maand in dieselfde hoedanigheid vir drie jaar. Daarna verhuis hy na Transvaal, werk weereens as plaasvoorman en in 1936 gaan hy as deelsaaier na verskeie boere. In 1942 huur hy plaas Smutskraal van Landraad maar weens sy politieke oortuiging as Nasionalis, moes hy in opdrag van Min. Conroy die plaas verlaat. In 1948 koop hy huidige plaas, 554 morge groot, deur bemiddeling van Landraad. Met nege beeste en nege skape boerdery aangedurf; tans is dit vermeerder na 75 en 45 onderskeidelik. Plaas was onverbeterd, maar deur harde werk, volharding en troue bystand van eggenote, kon huis opgerig, dam gebou, plaas omhein en in sewe kampe verdeel word. Tans verbou hy met welslae grondbone, mielies en ertappels. Uit sy huwelik met mej. M. Venter van Soutpansberg, is twee seuns en vier dogters gebore. Adres : Eerste Geluk, Pk. Munnik.

**PIETERSE, Cornelis Jacobus.** Algemene boer op plaas Turffontein, is op 20 Aug. 1907 in distrik Klerksdorp gebore. Skoolopleiding het hy ontvang te Wildebeeslaagte. Op 14-jarige leeftyd neem vader hom uit die skool om met die boerdery te help. Ses maande per jaar moes hy ploeg en orige ses maande delf in Lichtenburg-area. Op 20-jarige leeftyd tree hy in diens by S.A.S. en help met aanlê van spoorlyn tussen Naboomspruit en Zebediela. Twee jaar later keer hy terug na Klerksdorp en word deelsaaier. Na sy huwelik in 1929 verhuis hy na distrik Pietersburg en word deelsaaier by mnr. Dap Naude, broer van mnr. Tom Naude, Minister van Finansies. Deur druk depressie moes hy as padwerker heenkome vind teen 4/- per dag. Na tien dae word hy aangestel as voorman teen 6/8 per dag. Later was hy behulpsaam met konstruksie van Loskopdam, weereens verbonde aan S.A.S. en as voorman in diens by Erosieskema waar damme gebou is. Vervolgens keer hy terug na mnr. Naude en boer om helfte van omset. In 1953 kon hy, deur harde werk en volharding, huidige plaas aankoop, 905 morge groot. Plaas is sedertdien baie verbeter en hy is reeds £28,000 daarvoor aangebied. Hy huur en bewerk ook vyf huurplase. Knoffelverbouing het grotendeels bygedra tot sy groot sukses. Tans verbou hy op groot skaal ertappels en is een van grootste ertappelsaadkwekers in distrik Pietersburg. Mettertyd is beesboerdery ook ingeskakel maar weens droogte, bek- en klouseer is kudde van 300 verkoop. Hy beoog nuwe vertakking van boerdery, nl. vetmaak van beeste op stal met ru- en kragvoer vir bemarking. Afgelope ses jaar dien hy op Komitee van Erosieskema in Sandrivier-Kroongebied en vorige jaar aangestel as Komiteelid van Boerebystandsraad distrik Pietersburg. Hy is President van rugbyklub; Komiteelid van Hengelklub vir Pietersburg-distrik; het reeds verskeie bekers verower, o.a. in 1957 vir beste hengelaar van klub; was 5 jaar lank Skool- en Koshuiskomiteelid en was korporaal van Geyser-Skietvereniging. Uit sy huwelik met mej. S. Jordaan, van Ladysmith, K.P., is 'n seun en twee dogters gebore. Adres: Posbus 7, Eerstegoud.

**PRETORIUS, David Schalk.** Algemene boer op plaas Groothoek, wat hom hoofsaaklik toelê op verbouing van ertappels. Hy is op 30 Mei 1908 te Pietersburg gebore en ontvang skoolopleiding aldaar. Vir daaropvolgende 22 jaar was hy masjinis aan S.A.S. verbonde en met spaargeld het hy mettertyd geleidelik verbeterings aangebring op erfplaas Groothoek, 1,294 morge groot en onverbeterd. By aftrede durf hy boerdery voltyds aan, sonder kapitaal, begin eiehandig met oprigting van woonhuis en bykomende geboue, en lê kampe en landerye

aan. Tans is 200 morge landerye ontbos en beoefen hy verbouing van ertappels met groot welslae. Volgens hom lewer hierdie omgewing 'n bo-normale ertappelproduksie. Beesboerdery vorm 'n ander belangrike vertakking van sy boerdery. Hy is getroud met mej. Anna Muller van Tzaneen. Adres: Posbus 13, Dendron.

**SLABBERT, Maarten Johannes.** Voors. van Bo-Brakrivier-Boerevereniging vir afgelope 3 jaar en teler van hoëgraad Afrikanerbeeste sowel as saaiboer te Avon in die dist. Pietersburg. Hy het as arbeider teen 3/6 per dag in diens van S.A.S. en Hawens sy loopbaan begin en in 1945 uitgetree as hoofklerk. Toe begin hy boer op huidige plaas, geheel onverbeterd en moes opstal bou, drade span, boor vir water, ens. Tans is plaas verdeel in agt kampe met drinkplekke vir vee, beplan lank voordat distrik verklaar is onder grondbewarings distrik. Veevoer word self geproduseer, 200 ton is vanjaar ge-oes. Wintergroente, knoffel en uie word op uitgebreide skaal geproduseer, tans is 41 morg beplant met ertappels, groot mielie-oes is reeds ingesamel wat 20 sakke per morg gelewer het. Boorgate wat 52.000 gell. per uur lewer, besproei die lande. Mnr. Slabbert is op 14 Oktober 1907 gebore te Pietersburg en het sy skoolopleiding aldaar ontvang. Uit sy huwelik met mej. H. G. Pohl, is sy seun Boshof gebore wat die afgelope 3 jaar as vennoot die boerdery help behartig nadat hy sy opleiding voltooi het aan die Landboukollege Potchefstroom. Adres: Privaatsak 6280, Pietersburg.

**SNYMAN, Hendrik Adriaan.** Gebore op 3 Des. 1904 in dist. Pietersburg, ontvang hy sy skoolopleiding plaaslik. As kind moes hy saam met vader beesboerdery in Bosveld as bywoner waarneem. Op 18 jarige leeftyd sterf vader en neef mnr. Theuns de Jager ontferm hom oor hom en onderrig hom in die kuns van spekulasie. Na tien jaar in sy diens, kon hy vir eie rekening begin spekuleer. In 1941 kon hy reeds verpligtings teenoor neef nakom en terselfdertyd eerste 200 morge aankoop. In 1943 kon hy deur aankope, eiendom uitbrei na huidige 1,000 morge insluitende woonplaas Waldburg. Hy pas gemengde boerdery met welslae toe en lê hom hoofsaaklik toe op verbouing van ertappels. Sedert 1941, 'n rekord-oes van £14,000 is in 1957 gelewer terwyl spekulasie steeds 'n belangrike vertakking van boerdery vorm. Hy was vir nege jaar lank Kerkraadslid van N.G. Kerk. Uit sy huwelik met mej. Jacoba v.d. Merwe van O.V.S., is twee seuns en 'n dogter gebore. Adres: Posbus 6, Dendron.



**SWANEPOEL, Andries Jacobus.** Voors. Platkopplies-Boerevereniging, Bestuurslid Densand Grondbewaringskomitee, lid van Beheerraad van Kuschke-Skoolplaas en algemene boer op plaas Bodensteinshoop. Hy is op 8 Nov. 1909 in omgewing gebore en het skoolopleiding ontvang te Mooketsi en Pietersburg. Op 15 jarige leeftyd begin sy loopbaan as boer saam met vader om 'n deel vir drie jaar. Daaropvolgende twee jaar boer hy by sekere mnr. Badenhorst vir sewe verse gewaardeer teen £14. Gedurende depressiejare gewerk aan huidige nasionale pad tussen Pietersburg en Louis Trichardt vir £5-4-0 per maand. Hieruit het hy deur spaarsaam te lewe, beeste op skuld gekoop, betaal en na vader se plaas gestuur. Met £60 spaargeld, 22 beeste, koop hy reg van besitter van staatsgrond teen £1-2-6 per morg onverbeterd. Mettertyd kon hy uitbrei na huidige 1,700 morge wat omset van £6,000 kon lewer in 1957 deur verbouing van mielies, sonneblom en kafferkoring sowel as bees- en varkboerdery. Alle verbeterings is eiehandig aangebring o.a. twee woonhuise, vier store, melkkamer, meulekamer, varkhokke, 19 kampe met watervoorsiening, ses boorgate met windpompe en masjiene. Eiendom is tans gewaardeer teen £25 per morg. Uit sy huwelik met mej. J. E. de Necker van Pietersburg, is twee seuns en drie dogters gebore. Adres: Posbus 474, Pietersburg.



**TAGER, Soly.** Eienaar van Stetinburg Afrikanerbees-stoetery en algemene boer met beesboerdery as hoofsaak, op plaas Burg. Gebore op 22 April 1922 in dist. Pietersburg, ontvang hy skoolopleiding plaaslik en besoek vervolgens Landboukollege Potchefstroom. Direk daarna koop hy huidige plaas groot 3,600 morge en kon sedertdien uitbrei na huidige 5,500 morge. Aanvanklik was sy beeskudde 400 sterk teenoor die huidige 1,000. Stoetery uit die Du Plessis-bloedlynne is nog in beginstadium en ge-immuniseer teen hartwater. Kweek van voer op grootskaal vir bemarking van vetgevoerde osse vorm 'n belangrike vertakking van boerdery asook verbouing van ertappels vir wintermark. Hy is lid van beide Dendron- en Bo-Brakrivier-Boereverenigings. Adres: Posbus 237, Pietersburg.

**VAN DER WESTHUIZEN, Salomon Johannes Cornelis.** Gebore op 27 Nov. 1883 te Smithfield, O.V.S., ontvang hy skoolopleiding te Pietersburg. Gedurende Anglo-Boere-oorlog was hy in konsentrasiekamp aldaar, gedurende Rebellie in 1914 in S.W.A. en doen weereens diens gedurende Tweede Wêreldoorlog in Natal en Pretoria. Sedert 1903 vir daaropvolgende nege jaar, doen hy vir vader karweiwerk. In 1912 koop hy huidige plaas Maroelabult, 808 morge ongetemde bosveld deur bemiddeling van

Landraad. Met wa, tien donkies en 30 skape, durf hy boerdery aan en verbou kafferkoring en mielies, laasgenoemde bemark teen 5/- per sak. In 1921 koop hy 10 verse met Landbanklening, verder goed maar verloor gedurende droogte van 1930 tot 1933. 50 van sy 100 beeste, 250 van sy 300 skape en vier van vyf perde. In 1934 koop hy 15 verse met Landbanklening en het tans 130 beeste en 60 skape terwyl hy grotendeels grondbone en mielies verbou. Die huidige woonhuis is eiehandig opgerig, plaas is omhein en in vier kampe verdeel. Hy het sy eerste eggenote mej. C. van Aardt deur die dood verloor en is in 1941 getroud met mej. Maria Beukes. Hy het vier seuns en vyf dogters en het reeds Rhodesië besoek. Adres : Maroelabult, Pk. Dikgale.

**VAN RENSBURG,** Johannes Hendrik Jansen. Sy grootvader Hendrik Christoffel was een van pioniers van dist, toe hy as negejarige seun daarheen verhuis het. Hyself het as jong seun saam met vader geboer op plaas Doornfontein, vir eie onderhoud en ervaring. Deur bemiddeling van Landraad, kon hy en swaer huidige plaas van 2,400 morge aankoop. Na verdeling, pas hy sedertdien gemengde boerdery



toe op 1,196 morge. Roofbou was op groot skaal deur naturellebewoners toegepas, geen natuurlike boom of graspol was ongeskonde. Stelselmatig is grondbewaring toegepas, kampe gemaak en landerye aangelê. Tans beslaan sy landerye 200 morge waarvan tien morge onder besproeiing. Grondvrugbaarheid is tot so 'n mate herwin en verhoog dat twee sakke garssaad 225 sakke kon lewer. Gebore op 30 Julie 1897 in distrik Pietersburg, destyds Soutpansberg, kon hy skoolopleiding ontvang aan plaasskool. Hy is met tussenposes reeds 25 jaar lank Kerkraadslid van Hervormde Kerk. Uit sy huwelik met mej. Miemie van Rooyen van Blinkwater, Pietersburg, is twee seuns en vyf dogters gebore. Adres : New Hanover, Pk. Blouhak, Noord-Transvaal.

**VENTER,** Johannes Jurgens. Gebore op 8 Desember 1914 in dist. Pietersburg, ontvang hy sy skoolopleiding aldaar. Direk daarna gaan hy vir volgende vyf jaar saam met sy vader, 'n pionier van die dist. vir eie onderhoud en ervaring boer. Deur bemiddeling van Landraad, kon hy plaas Dreadmouth en gedeelte van Donkerhoek, gesamentlik 2,234 morge aankoop. Dit was ongetemde bosveld met geen



watervoorsiening. Alle verbeterings, insluitende woonhuis en buitegeboue, omheinings ens., is deur hom eiehandig daargestel. Hy het hom grotendeels op beesboerdery toegelê terwyl hy 'n handelsaak opgebou het. Deur harde werk en volharding, kon hy die eiendom so winsgewend verkoop dat hy huidige plaas, 1,100 morge kon aankoop vry van skuldlas. Sedertdien kon hy gemengde boerdery met welslae toepas. Uit sy huwelik met mej. Hannie de Kock van dieselfde omgewing, is drie seuns gebore. Adres : P/Sak 6030, Pietersburg.

**VENTER,** Pieter Johannes Lodewyk. Hy is op 18 Sept. 1930 op familieplaas Boomsien gebore as seun van wyle Johannes Jurgens, wat hom reeds in 1918 aldaar gevestig het toe omgewing nog ongetem en grotendeels deur naturelle bewoon was. Skoolopleiding het hy voltooi aan Hoërskool Pietersburg en direk daarna saam met vader geboer vir eie onderhoud. In 1947 ontvang hy van vader eie landerye maar moes vader se landerye om 'n deel bewerk. By afsterwe van vader in 1952, neem hy hele boerdery oor. Tans bewerk hy 344 morge landerye asook 1,200 morge vir moeder, broers en susters. Tenspyte van droogtes en oorvloedige reëns kon hy deurgaans gemengde boerdery met groot welslae toepas. 'n Belangrike vertakking van sy boerdery is die vetmaak van vee vir bemarking. In 1957 is osse gekoop teen £25 en bemark teen £50. Hy is getroud met mej. Andre Minny van Springs. Adres : P/Sak 6030, Pietersburg.

**VILJOEN,** Stephanus Johannes Paulus Kruger. Gebore op 26 Okt. 1919 te Middelburg, Tvl. Jongste seun van Johannes Jurgens, 88 jarige pionier van dist. Dendron wat tans met sy eggenote nog op familieplaas woon. Sy skoolopleiding het hy aan plaasskool ontvang en as jong seun sy loopbaan as boer begin saam met vader op plaas Koninggratz. Vir volgende 14 jaar was hy met boerdery behulpsaam slegs vir eie



onderhoud en daaropvolgende ses jaar in vennootskap met broer groente verbou te Mooketsi. Vervolgens neem hy familieplaas oor nadat hy erfgename uitgekoop het. Watervoorsiening was groot probleem; boorgat lewer slegs 360 gell. per uur en gedurende droë tye moes hy met beeste trek. Hy waag weereens, boor en tref 18,000 gell. per uur. Vervolgens maak hy ou boorgat skoon, laat vyf voet dieper boor en tref 2,500 gell. per uur. Sedertdien kon gemengde boerdery met welslae uitgebrei en beoefen word. Uit sy huwelik met mej. Joey Vercueil wat op Dendron onderwys gegee het, is 'n seun gebore. Adres : Posbus 20, Dendron.